



# DIE BEHEER VAN SWARTWATTEL

deur P.L. CAMPBELL  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Met die moontlike uitsondering van saadvretende insekte kan biologiese beheermaatreëls nie by swartwattel (*Acacia mearnsii*) gebruik word nie weens die grootskaalse verbouing daarvan as 'n kommersiële plantasiespesie in Natal. Daar bestaan egter alternatiewe meganiese of chemiese beheermaatreëls. Meganiese beheertegnieke sluit die volgende in: ringelering waar die bas van 'n boom heeltemal afgestroop word (gewoonlik tot borshoogte); afkap in die geval van ou bome, wat nie daarna sal spruit nie; en die uitroei van saailinge.

Die volgende word deur die Bosboutak van die Departement van Omgewingsake aanbeveel:

Volwasse bome kan doodgemaak word deur 'n kombinasie van afkap en brand. Die afgekapte takke word rondom die boomstompe gepak en onderhewig aan brandregulasies aan die brand gestee sodra dit droog genoeg is. Die vuur stimuleer die ontkieming van die talle wattelsade in die grond sodat saailinge in digte matte opkom. Hierdie saailinge kan onderdruk word deur 'n geskikte grasspesie soos

*Eragrostis curvula* te saai onmiddellik nadat die as koud geword het. Dit sal die infestasië van ander ongewenste spesies in die area verminder, waardevolle gras vir beweiding lewer en terselfdertyd gronderosie keer. Reën wat hierna val, sal die wattelsaad laat ontkiem en die saailinge moet met die hand uitgeskoffel word. Opvolgkolbespuitings met 'n geskikte onkruidodder wat selektief vir breëblaaronkruid is, is nodig om die oorblywende saailinge dood te maak.

Tans word *A. mearnsii* in Suid-Afrika hoofsaaklik deur chemiese beheer bestry. Die geregistreerde onkruidodders verskyn in Tabel 1. Alle beheermaatreëls moet opgevolg word deur die aanplant van geskikte spesies.

Die jongste aanbevelings vir chemiese beheer, verskyn in die Departement van Landbou en Watervoorsiening (Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming) se publikasie: "A guide to the use of herbicides", wat jaarliks hersien word. Dit kan bestel word van die Direktoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, 0001.

TABEL 1- Die chemiese beheer van swartwattel

Generiese naam en formulase (suwer aktiewe bestanddeel)	Handelsnaam en registrasie-nummer	Dosis	Etiket-aanbevelings*
pikloram 65 g/l + 2,4-D 240 g/l as die amiensoute	Tordon 101-mengsel (L 471)	500 ml/l/100 l water (0,5% -mengsel)  200 ml/l/9,8 l water (2% -mengsel)	<b>Algemeen:</b> Dien Tordon 101-mengsel slegs toe wanneer bome aktief groei. Moenie toedien as reën dreig of as die plante nat is nie. <b>Algehele blaar- en stambesproeiing:</b> Dien toe as 'n growwe, laedruk- deurwerkende besproeiing. Voeg G-40-benatter by teen 60 ml/100 l water. <b>Gekapte stomp:</b> Saag bome 300 mm of minder bo die grondoppervlak af. Bespuit onmiddellik hierna met die mengsel totdat afloop plaasvind. Bespuit alle hergroei tot 'n hoogte van 1 m. Voeg G-49-benatter by teen 6 ml/10 l van die finale spuitoplossing. <b>Boominspuiting:</b> Dien met 'n geskikte boominspuit toe. Die inspuitings moet om die volle omtrek van die stam, op enige gerieflike hoogte gemaak word. <b>Waarskuwing:</b> Spasieer die inspuitings ewe ver van mekaar en tot in die nat spinthout. Behandel elke stam afsonderlik. <b>Onderbroke ringelering:</b> Maak horisontale, skuins kappe met 'n byl deur die bas tot in die spinthout, spasieer die kappellekke om die volle omtrek van die stam op 'n gerieflike hoogte. Behandel elke stam afsonderlik.
triklorpir 480 g/l esterformulasie	Garlon 4 (L 2353)	1:1 met water 1 ml/inspuiting 1 inspuiting/40-mm-stamdeursnee  1:1 met water 1 ml/kapplek 1 kapplek/40-mm-stamdeursnee	<b>Algemeen:</b> Dien Garlon 4 slegs toe wanneer bome aktief groei. Moenie toedien as reën dreig of as die plante nat is nie. <b>Algehele blaar- en stambesproeiing:</b> Dien toe aan bome met 'n hoogte van tot 1,5 m wat 'n volle drag blare het. Gebruik 'n spuitmengselvolume van 250-400 l/ha afhangend van plant-grootte. Voeg Actipron-benatter teen 500 ml/100 l water by. <b>Gekapte stomp:</b> Dien toe op gekapte oppervlak, bas en die wortelkroon. Gebruik 'n verfkwas of 'n laedrukbespuiting met 'n rugsakspuit.
glifosaat 359 g/l isopropilamien-sout	Roundup L 407	1,5 l/100 l water (1,5% -mengsel)	<b>Algemeen:</b> Dien Roundup slegs toe wanneer bome aktief groei. Moenie toedien as reën binne 6 uur verwag word nie. Moenie toedien as plante nat is nie. <b>Blaarbesproeiing:</b> Spuit bome tot 1 m hoog. Gebruik 'n spuitmengselvolume van 200-300 l/ha, afhangend van plantegrootte.
terbutiuron 752 g/kg benatbare poeier	Reclaim L 3014	1 sakkie/750 ml water % klei = 0,20: 2 x 2 ml-dosisse/plant  % klei = 21-40: 3 x 2 ml-dosisse/plant	Koltoediening aan die grond halfpad tussen die stam en die druplyn met 'n outomatiese doseer-spuit. Konsentreer elke dosis op 'n klein kolletjie. Verdubbel die aantal 2 ml-dosisse as die bome hoër as 2 m is. <b>Waarskuwing:</b> Moenie oordosier nie. Spasieer die kolletjies eweredig rondom die stam.

\*Waarskuwing: Lees alle instruksies op die etiket voor onkruidodertoeediening. Indien twyfel bestaan, raadpleeg u plaaslike tegniese verteenwoordiger

